

KINDERKERK PRAISE AND WORSHIP 2: Name van Jesus

Doel van les:

Ons het 'n lofprijsing en aanbiddingsaand met die tema: Name van Jesus.

Ysbreker 1: Naam speletjie: Elke groep staan in 'n sirkel. Die groep moet kies watter kind hulle dink die vriendelikste lyk. Daardie kind staan in die middel. Die kind moet nou wys na iemand, maar sy/haar eie naam sê. Die een na wie gewys is, gaan dan na middel van sirkel en herhaal proses. Die wat reeds beurt gehad het, kruis hulle arms sodat hulle nie weer gekies word nie.

Inleiding:

Jou naam is baie belangrik, wanneer jy iemand vir die eerste keer ontmoet is dit die eerste ding wat hulle van jou weet - jou naam. Mense word ook verskillende name genoem wat verskillende goed oor hulle sê: 'n Vrou kan bv 'n ma, ouma, vrou, tannie of juffrou wees. Elke naam sê iets van dit wat sy doen of iets wat sy vir iemand is.

Mense kan ook verskillende titels hê, wat ook vir ons iets van hulle sê: bv. Juffrou, Meneer, Mevrou, Dokter.

Wanneer ons die dag ons hartjies vir Jesus gee, word ons 'n Christen genoem - en wanneer ons DIE naam gebruik verwag mense ook van ons 'n klomp goed - Vrugte vd Gees, want dit kom saam met die naam.

Jesus het verskillende Name

Soos wat ons baie name en titels het, so het Jesus ook baie name en titels, en elkeen van hulle vertel (soos ons name en titels) vir ons iets van Jesus - Wie Hy is en Wat Hy doen.

Ons het vanaand 'n Praise and Worship aand en gaan vanaand bietjie na die Name van Jesus deur die aand kyk, sodat ons Hom beter kan leer ken, want dis wat Jesus se Name doen. Jy leer Hom ken deur Sy name.

Voordat ons verder gaan moet ek net eers die volgende oor Jesus se Name sê:

Eksodus 20: 7 "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie"

Wat beteken dit? Ons mag God en Jesus se Naam nie gebruik asof dit net nog 'n woord is nie, of soos party mense as vloekwoord nie. O my God - OMG - Here en Jesus se name kan ons nie gebruik asof dit net nog 'n woord is nie!

Ons gaan vanaand lekker sing en bietjie speletjies speel en so gaan ons lekker leer oor Jesus en Sy name, maar onthou dat om jou Bybel te lees, is die heel beste manier en plek om al die name van Jesus te leer, want ons doen net 'n paar van die baie name vanaand.

Kom ons sing eers 'n liedjie voor ons verder gaan.

Liedjie: Hosanna

Aktiwiteit 1: Goeie Herder en Lam van God

Deel kinders in twee groepe op en laat hulle in ry staan agter lyn. Gee vir elke groep 'n ballon met skapie of geteken of prentjie van skapie opgeplak en 'n hokkiestok/golfstok/stok. Die eerste kind in groep sit ballon op grond en moet nou die ballon met die stok liggies slaan tot by 'n baken aan die ander kant van die vertrek, om die baken en terug na groep. Volgende kind neem dan oor en doen dieselfde. Speletjie gaan aan totdat almal 'n beurt gehad het. Kinders gaan dan sit.

Vra: Julle was sulke oulike herders. Wie weet wat 'n herder als doen? (Kry terugvoering van kinders)

- Hy kry vir hulle skape vars en skoon water.
- Hy lei skape verby klippenige grond, giftige plante ens na goeie gras.
- Hy keer dat die skapies nie verdwaal nie.
- Hy beskerm hulle teen wilde diere.
- Hy lei die skape elke aand terug na hulle kraal toe.

Het julle geweet een van Jesus se Name is die Goeie Herder? Hoe dink julle is Jesus ons Herder?

- Hy hou ons veilig;
- Hy help ons om die regte pad te stap;
- Hy gee vir ons wat ons nodig het;
- Hy is lief vir ons en sorg vir ons.

Gebed: In die groepie gaan julle nou bid en vir Jesus dankie sê vir al die dinge wat Hy elke dag as jou Goeie Herder vir jou doen.

Maak 'n skapie: Gee vir elke groep 'n sak met items in. Hulle kry 10 minute om 'n skapie te maak van die items in die sak. Kyk wie maak die snaakste, kreatiefste skapie.

Ons het nou bietjie oor die Goeie Herder geleer, maar het julle geweet dat Jesus ook die Lam van God genoem word?

Baie lank terug moes mense 'n lammetjie na die priester toe vat, hulle hande op die lammetjie sit en iets soos: "Ek het sonde gedoen, maar God het laat hierdie lammetjie in my plek doodgaan sodat my sondes vergewe kan word," sê.

Wat wou God die mense leer met dit? Hy wou vir mense wys hoe vreeslik sonde is en dat dit so erg is, dat die bloed van 'n lammetjie wat niks verkeerd gedoen het nie doodgemaak moes word vir sonde.

Kan 'n dier se bloed ons sondes wegvat? Nee, dit kan nie, maar dit moes ons 'n prentjie gee van wat Jesus aan die kruis vir ons moes kom doen. Die Lam van God soos Jesus ook genoem word, se bloed is die enigste bloed wat regtig ons sondes kan skoonwas en dis hoekom mense soms die naam van Jesus gebruik.

Kom ons sing nou 'n liedjie om vir Jesus te wys hoe bly ons is dat Hy vir ons aan die kruis gesterf het: Jump up and down

Aktiwiteit 2: Lig vir die wêreld

Blinddoek elke kind in die groep. Gee vir hulle 'n legkaart wat hulle nou moet bou. Gee 'n rukkies kans en laat hulle die blinddoeke dan afhaal.

Vrae:

- Wanneer jy in 'n kamer instap in die aand met die ligte wat nie aan is nie, kan jy iets sien? Nee, want dit is donker.
- Wat gebeur sodra jy die ligte aanskakel? Dis lig in die kamer en die donker is nou weg.
- Hoe sou julle voel as daar nooit lig was nie en ons altyd in die donker moes leef?

Nog 'n naam vir Jesus is die Lig vir die wêreld.

Toe julle die blinddoeke aangehad het en die legkaart moes bou, was dit moeilik, want dit was donker voor julle. Toe julle die blinddoeke afhaal, kon julle lekker sien, want die ligte was aan en dit maak die klassie lekker helder. Jesus is ook ons lig. In die baie donker wêreld is Hy die enigste een wat die vuil van ons sondes kan wegvat en vir ons soos 'n flits in die donker, die pad wys waar ons moet stap.

Gebed: Vra vir Jesus om jou te help om reg te leef vir Hom en dat Hy jou sal help om verkeerde dinge te los wat jy dalk doen.

Kom ons sing nou saam: Jesus loves me.

Aktiwiteit 3: Die Weg

Gee vir elke kind 'n maze. Laat hulle dit voltooi. Sodra hulle klaar is, sê: Daar was seker baie paadjies wat reg gelyk het, maar uiteindelik was net een die regte pad om uit die maze te kom. So word Jesus dan ook die Weg genoem. Wat daardie naam beteken, is dat om ons hartjies vir Jesus te gee, die enigste manier is om eendag vir altyd by God in die hemel te bly. Party mense glo om goeie dinge te doen en baie geld vir die kerk of arm mense te gee hulle in die hemel sal kry, maar daar is net een Weg en dit is Jesus.

Gebed: Kom ons bid nou saam sê vir Jesus Hy is awesome.

Sluit af met: King of Majesty